



Cambridge International AS Level

AFRIKAANS LANGUAGE

8679/02

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2020

INSERT

1 hour 45 minutes

INFORMATION

- This insert contains the reading passages.
- You may annotate this insert and use the blank spaces for planning. **Do not write your answers** on the insert.

INLIGTING

- Hierdie bylae bevat die leestekste.
- Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimte vir beplanning gebruik. **Moenie jou antwoorde** op die bylae **skryf nie**.



This document has 4 pages. Blank pages are indicated.

AFDELING 2

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vraag 4** en **5** in jou vraestel.

Teks 2

Is jou werk in gevaar in die digitale era?		
1	“Boekhouders, rekenkundiges en ouditeurs moet solank begin bewe in hul broeke: Julle kan dalk een van die dae sonder werk sit.” Dit is die woorde van dr. Rozanne Bester, ’n kenner van toekomsstudies.	
2	Bester se navorsing toon dat omtrent 35% van alle soorte werk in Suid-Afrika binne sewe jaar deur rekenaars gedoen gaan word. Dit beteken byna ses miljoen posisies kan binnekort verdwyn. “Die gevaar van hierdie outomatisering word al hoe groter deur die hele wêreld, want rekenaars neem al hoe meer oor. In Suid-Afrika is dit nog erger omdat ons baie minder voorbereid daarop is as ander lande,” sê Bester.	5
3	Sy en haar span het alle soorte werk in “mensagtige” werk en “masjienagtige” werk verdeel. “Mensagtige” werk sluit analitiese werk, leierskapsposisies, sosiale intelligensie en skeppende werk in. “Masjienagtige” werk is weer roetine werk, transaksies en hande arbeid. Toe hulle gekyk het in watter mate die werk in die twee groepe geoutomatiseer kan word, het hulle bevind dat veral mense in beroepe soos produksie, administrasie, tellers, kassiere, rekenkunde, ouditering, versekering, konstruksie, boerdery, mynbou en vervoer bekommerd moet wees. “Hoe meer voorspelbaar en herhalend jou werk is, hoe groter is die kans dat ’n rekenaar jou gaan vervang,” waarsku Bester. Enige werk wat menslike advies, onderwys en opvoeding, programmering, onderhandeling en samewerking tussen kollegas benodig, is vir eers veilig.	10 15
4	“Die samelewing sal agteruitgaan as mense nie kan werk, verdien en bestee nie,” waarsku sy. Daarom moet mense opgelei word om vaardighede te ontwikkel wat nie deur masjiene oorgeneem kan word nie. Mense moet ook leer om nuwe tegnologie te gebruik. Masjiene gaan wel al hoe meer gebruik word, maar mense moet leer om saam met masjiene te werk en hul eie produktiwiteit verhoog. As Suid-Afrika die tempo verdubbel waarteen werkende mense leer om saam met masjiene te werk, sal slegs 2,5 miljoen posisies in plaas van ses miljoen posisies teen 2025 in gevaar wees.	20 25
5	Wat kan die individu doen om relevant te bly? Ontwikkel jou vermoë om digitale toestelle te gebruik en doeltreffend saam met masjien-intelligensie te werk. Dink krities en gebruik logika om probleme op te los. Volgens Bester gaan mense wat entrepreneurs kan en wil wees, ook in ’n goeie posisie wees. Die belangrikste: Wees aanpasbaar en wees gretig om nuwe dinge te leer.	30

(Uit: *Die Burger*, 21 April 2018)

BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.